# BOEKBESPREKINGS

*Spoelstra, B.*: Die „Doppers" in Suid-Afrika — 1760-1899, pp. 314. Nasionale Boekhandel Beperk, 1963. Prys: R3-00.

Die skrywer A. Stern het in sy werk *The Philosophy of History and the Problem of Values* daarop gewys dat 'n groep mense, afgesien van hul herkoms, na mekaar gedwing word en bymekaar gehou word vanweë hulle aksiologiese (waarde-) opvattings. As 'n groep mense met dieselfde lewensopvatting en lewensbeskouing ondergaan hulle as groep histories-kondisionerende belewenisse. Hulle lewensbeskouing is transendentaal toekomsgerig veral waar dit bepaal word deur hul godsdienstige beskouinge, beskouinge wat eskatalogies gerig is, maar op hierdie ondermaanse hul handel en wandel bepaal.

In ons eie Afrikaanse volkslewe het die drie Afrikaanse kerke, nl. die Nederduitse Gereformeerde, die Hervormde Kerk en die Gereformeerde of „Dopperkerk" van ingrypende belang gewees. Die geskiedenis van die Hervormde Kerk is deur die bekende kerkhistorikus, S. P. Engelbrecht reeds te boek gestel,[1] terwyl die geskiedenis van die Nederduits Gereformeerde (vroeër of Hervormde) Kerk daarna deur dr. G. D. Scholtz in opdrag te boek gestel is[2] in 1956. Laasgenoemde werk het tot heelwat polemiese geskrifte in tydskrifte en in pamfletvorm aanleiding gegee waarin skrywers aan albei kante soms wel in opgewonde stemming standpunte en interpretasie van dokumentêre gegewens verdedig of aangeval het.[3] Die soms wel liggeraaktheid waarmee standpunte teenoor mekaar gestel is, het o.a. die besef tuisgebring van met watter diepe erns die bydrae van elk van hierdie twee kerke tot ons volkswording bejeën is. Daar is besef dat elke kerk 'n fundamentele bydrae gelewer het in die ontwikkelingsgang van die Afrikanernasie op die suidpunt van Afrika en dat ons staatsopvattinge asook opvattinge t.o.v. kleurverhoudinge diepgaande deur ons godsdienstige opvattinge soos dit vergestalt is in die twee kerke na buite, beïnvloed is.

Ofskoon daar in die verlede reeds veel korter en oorsigtelike werke oor die ontstaan en ontwikkeling van die „Dopperkerk" binne volksverband geskryf is, het die behoefte vir 'n deeglike wetenskaplike werk oor hierdie kerk tog ook nou ontstaan. In sy doktorale proefskrif, getitel *Die „Doppers" in Suid-Afrika* — 1760-1899, het dr. B. Spoelstra aan hierdie behoefte probeer voldoen.

Dr. Spoelstra se uitgangspunt is dat die „Doppers" in ruimer as kerklike sin feitlik teruggevoer kan word na die oorspronklike Trekboere in die noord-oostelike Kaapkolonie. Hierdie Trekboere van wie baie van oorspronklike Duitse afkoms was, van agter die Sneeuberge was feitlik heeltemal geïsoleerd weens geografiese omstandighede van die Wes-Kaapland en het hulle die kerklike konserwatisme soos dit gespruit het uit die Ekumeniese Sinode van Dordrecht (1618-19) behou ten spyte van die nuwe oorsese strominge wat na 1750 teen die suidelike strande aangespoel het. Die nuwere denkbeelde van die eerste helfte van die negentiende eeu soos die filantropisme, humanisme en les bes metodisme het hierdie mense wat in die latere distrikte van Middelburg, Philipstown, Colesberg, Burgersdorp, Molteno en Steynsburg gewoon het, geestelik nie geraak nie. Hulle het angsvallig vasgekleef aan die Sinodale besluite van Dordrecht en die daaruit vloeiende fundamentele beginsel van die uitverkiesings-

1. Engelbrecht, S. P.: *Geskiedenis van die Nederduits Hervormde Kerk van Afrika.* Die derde en hersiene druk het reeds in 1953 verskyn.
2. Scholtz, G. D.: *Die Geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika.* 2 dele.
3. Vgl. bv. Engelbrecht, S. P.: Dr. G. D. Scholtz se *Geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk,* 1957 en Scholtz, G. D.: *My antwoord aan prof. S. P. Engelbrecht,* Mei 1957.

leer. Ook in hul kleredrag en algemene lewensgewoontes het hulle konserwatief gebly en was dus as 'n samelewingsgroep kenbaar. Hulle lojaliteit teenoor Kerk en staat was kenmerkend, maar het die indruk van selfs pro-Britsheid geskep. 'n Opvallende kenmerk van hierdie gemeenskap wat deur verskillende reisigers opgemerk is, was hulle byna ekstreme konserwatisme, 'n vaste wil om die ou paaie te bewandel en om veral in sake rakende die kerk alle aangeleenthede wat bykomstig en nuut is, te vermy. Hulle godsdiens was vir hulle, weens hul sterk nadruk op die uitverkiesingsleer, deel van hul daaglikse lewe. „Waar die metodis hom verheug het in die sekerheid van sy saligheid uit 'n oppervlakkige heiligmaking, het die calviniste meermale gebuig onder skuldbesef vanweë hulle ondankbaarheid vir die verlossing van Christus. Enige vorm van vertoon of geesdrywery het hulle intuïtief afgestoot," aldus die skrywer op bladsy 25. Hierdie mense is deur die res van die kolonialers „Doppers" genoem.

Sekere leerstellige vraagstukke soos die sing van Gesange, die vraag i.v.m. 'n staats-, kerk- en onderwys en ander denkrigtinge wat tot by hierdie geïsoleerde gemeenskappe deurgedring het, het veral om Colesberg 'n ortodokse verset uitgelok as sou dit botsend wees met die Gereformeerde leer.

Hierdie „Dopper"-element is deur individue in die Groot Trek verteenwoordig en hul getalle in die Suid-Vrystaat en Transvaal is later deur nuwe aankomelinge aangevul. Na die koms van ds. Van der Hoff na die Transvaal en die kerklike en politieke verwarring wat hierop gevolg het, word op 11 Januarie 1859 deur Dopperelemente, aangevul deur ander, besluit om 'n eie kerkgemeente te stig onder leiding van ds. Dirk Postma met as basis en uitgangspunt „. . . de Belijdenis des Geloof der Gereformeerde Kerken in Nederland, den Catechismus en de leerregels der Synode van Dordrecht . . . als de volledige uitdrukking van haar geloof" (p. 170).

Voorts behandel die skrywer die aanwesigheid van die Trekboer-„Dopper"-element in die Suid-Vrystaat en die rol wat die bekende J. J. Venter gespeel het in die stigting van die kerk in hierdie geweste in 1860 asook die stigting van die Gereformeerde kerk in die Kaapkolonie op 21 Januarie 1860 te Roosterhoek in die Albertdistrik. Deurdat daar in hierdie tye staatkundige, politieke en selfs geestelike (kerklike) geskille bestaan het, wat uitgeloop het op regionale groepvorming, was die „Dopperkerk" die eerste geestelike en organisatoriese bindingsfaktor tussen die geografies en staatkundige verdeelde Afrikaners van die Transvaal, Oranje-Vrystaat en Kaapkolonie en besluit die skrywer: „. . . So word die afskeiding die eerste geestelike brug ná die Groot Trek waarin dieperliggende eenheid oor die staatkundige grense heen vergestalt" (p. 176). Daarna neem die skrywer die verhaal verder deur die troebele tye van die sestiger-sewentiger jare tot by die vooraand van die Tweede Vryheidsoorlog.

Ofskoon die „Dopper"-element altyd 'n minderheidsgroep in die bevolkings van veral die Kaapkolonie, Oranje-Vrystaat en Transvaal uitgemaak het, het die kerk as georganiseerde kerklike liggaam binne die geestelike verband van die Afrikaner steeds 'n sterk invloed uitgeoefen terwyl individuele „Doppers" vanuit die eie kerkverband op staatkundige gebied 'n wesentlike rol gespeel het. Die skrywer was dus verplig om die metodiek te volg om die rol wat enkele „Doppers" in die wordingsgeskiedenis van die Afrikanernasie gespeel het, na te volg. Dit doen hy deur individuele „Doppers" se rol op die geestelike en politieke ontwikkelingsgang te bepaal deur voortdurend nadruk op die persone se individuele rol en bydrae te lê. Voetnoot 101 op p. 97 kan dan eintlik as metodiese uitgangspunt deur die skrywer geneem word: „Die Dopper speel (hier) 'n katalisatorsrol." Die beswaar wat teen so 'n metodiese benadering uitgebring kan word, is dat die skrywer die bydrae van die „Dopperkerk" tot ons volkswording kan oorbenadruk ten nadele van die ander en uit 'n getalle oogpunt gesien, sterker gemeenskapsgroepe. Die gevolg is dat 'n

nie-„Dopper" soos M. W. Pretorius wat tog 'n wesentlike bydrae gelewer het, swak voorgestel word. President Burgers word *a la* C. J. Uys e.a. as liberalisties voorgestel en S. P. Kruger se weiering om aan die Sekhukhune-oorlog deel te neem, word na aanleiding van Burgers se liberalisme vergoelik. Kan Kruger se weiering om deel te neem aan die kommando teen Sekhukhune goed gepraat word omrede sy verskil in lewensopvatting van Burgers maar wat tot gevolg gehad het die vernedering van die Blanke in die oë van die Bantoe van Transvaal?

Die ontstaan van die „Dopper"-kerk word deur die skrywer ten regte uit die konserwatiewe Trekboergemeenskap van die noord-oostelike Kaap gesien. Die woordjie „konserwatief" verlei die skrywer egter om die teenpool „Liberalisme" met sy huidige gevoelswaarde in die opvattinge van die vroeg negentiende eeu in te lees, soos bv. op p. 138: „Volgens die soewereiniteitsbeginsel van die *liberalisme* moet 'n minderheid natuurlik altyd buig vir die meerderheid" waar hy ds. Van der Hoff teenoor ds. Dirk Postma stel. Die byna bewustelike subjektiwiteit spreek duidelik wanneer *liberalisme* en Rousseau op p. 9 met wat volg gekoppel word: „Rousseau, die geestelike vader van die *liberalisme* (ek kursiveer) het geleer dat . . ." (p. 9). Hierdie inlees van begrippe met huidige gevoelswaardes in eendersklinkende woorde, maar met ander betekenisinhoude uit 'n ander historiese tyd, is metodies nie korrek nie[4] en is iets waarteën die historikus voortdurend moet waak. Dit is nogal 'n neiging by die skrywer om die kontinuïteitsbeginsel prys te gee deur opvattinge van een tydsoomblik in 'n ander in te lees soos op p. 18 waar daar 'n tydsprong vanaf die Groot Trek tot by Shepstone en die anneksasie van Transvaal in 1877 voorkom om daardeur die „dopperisme" te karakteriseer en op p. 35 waar die woorde „winde van verandering", wat op die Afrika van 1960 van toepassing is in die Kaap van voor 1850 ingelees word met 'n gevolglike gevoelskleur. Gevoelsinhoudelike toedigting wat op standpunt berus soos „oppervlakkige heiligmaking" (p. 25) wanneer na die Metodis verwys word, kom voor terwyl die vir die Calvinis emosioneel gelaaide woord *inkwisiteur* op p. 197 waar Postma en dr. S. Hofmeyr teenoor mekaar te staan gekom het, liewers vermy kon gewees het aangesien daardeur die lyn tussen „Dopper" en nie-„Dopper in 'n te sterk swart-wit verhouding gestel word en wat die onbehoedsame leser maklik in die teks verder in sal lees. By 'n latere uitgawe kan sommige van hierdie hinderlikhede maklik uitgeskakel word, maar die benaderingswyse as geheel waardeur die stof tot eenheid gebind is, sal moet bly soos dit is. Daar kan natuurlik ander benaderingswyses geponeer word, wat egter net so aanvegbaar sal wees as die skrywer s'n is, afhangende van die hoek waaruit dit gesien word. Ten spyte van hierdie neiging tot teenpoolstelling — en wie sal nie wil ontken dat dit die neiging vandag is om *liberaal* met *liberalisme* en verder *Kommunisme* gelyk te stel wat betekenisinhoud betref nie — kan hierdie werk nie as doelbewus apologeties bestempel word nie. Daarvoor het die skrywer 'n té ope-oog gehad vir die tekortkominge van Gereformeerde leiers soos Dirk Postma, N. J. Swart e.a. Terselfdertyd word die ander faset van Paul Kruger se gestalte, nl. sy bydrae tot die ontstaan en groei van die Gereformeerde Kerk benadruk. Dit bly merkwaardig dat ten spyte van die oorlog van 1899-1902, die Krugerbeeld steeds groei.

Dit is verder interessant om darop te let dat die skrywer 'n onder sekere kringe bestaande opvatting nl. dat die „Doppers" teen die sending gekant is, met die nodige bewysmateriaal kan repudieer. Hulle was nie teen die sending as sulks gekant nie, maar teen die metode waarop die sending bedryf is, veral onder invloed van die filantropiese humanisme. Daar moet egter op gelet word dat amptelike standpunt-

4. Sien Hexter, J. H.: *Reappraisals in History*, 1961. Longmans.

stelling na bo ten spyt, 'n groot deel van die lede van aldrie die susterskerke die sending nie goedgesind was nie. Dit, tesame met ander faktore, het 'n verlammende uitwerking op die Afrikaanssprekende se sendingaksie tot aan die begin van die tweede helfte van die twintigste eeu gehad. Terselfdertyd moet daar gewaarsku word teen die neiging by ons Afrikaanse skrywers om selfs onbewus huidige kleurbeleid en standpunt in die verlede in te lees anders sal dit maklik gebeur dat soos James Joyce dit in sy *Ulysses* stel, Gekiedenis 'n nagmerrie word waaruit ons probeer ontwaak.

In sy geheel geneem het die skrywer m.i. besonder goed daarin geslaag om die ontstaan en wordingsgeskiedenis van die „Dopper"-kerk teen die agtergrond van die uiters gekompliseerde ontwikkelingspatroon van die Afrikaanse volk daar te stel. Uiters moeilik bekombare argief- en ander materiaal is in hierdie werk versintetiseer tot 'n eenheid. Al die Kerkargiewe en staatsargiewe is gefynkam en is hierdie werk die resultaat van jarelange navorsingsarbeid. Deur die nadruk te laat val op die Gereformeerdes se aandeel in die ontwikkeling van nasieskap in Suid-Afrika, is baie fasette van hierdie ontwikkelingspatroon wat onbekend was of uit die oog verloor is, na vore gebring en benadruk. Waar die skrywer van ander skrywers verskil, en dit moes noodwendig so gebeur, het hy die verskil in interpretasie nie tot polemiese vlak laat verval nie, maar steeds soos dit behoort gedoen te word, net aangedui.

In sy geheel moet hierdie werk dus as 'n verryking van ons kennis i.v.m. die kerkgeskiedenis asook ons kennis van die Suid-Afrikaanse geskiedenis in die algemeen en waarmee die kerkgeskiedenis onlosmaaklik deureengestrengel is, beskou word.

T. S. van Rooyen.

*Rosenthal, Eric*: Manne en Maatskappye. Die Geskiedenis van die Eerste Afrikaanse Sakemanne, pp. 108, 26 illustrasies, R1-50, Human en Rousseau, Kaapstad, 1963.

Hoe dikwels moes ons gedurende die eerste helfte van hierdie eeu hoor: „Ons Afrikaners is nie besigheidsmanne nie", waarby die spreker dan gewoonlik sy kop mismoedig geskud het! Intuïtief het ek nooit met sulke uitlatings saamgestem nie en die bewys dat Afrikaners wel deeglik nie net vandag nie, maar ook vroeër goeie besigheidsmense was, blyk baie duidelik uit hierdie boek.

Dit kon egter anders gewees het. Hoewel die Oos-Indiese Kompanjie in sy tyd die modernste bedryf was, was dit 'n faktorysisteem en die vestiging aan die Kaap was 'n uitsondering wat van die staanspoor af nie eintlik in die algemene organisasie gepas het nie. Die monopolistiese politiek het handeldryf nie aangemoedig nie en Lady Ann Barnard het gekla dat daar bv. in Stellenbosch net bejaarde mense gewoon het. Die jongeres het weggetrek omdat die Kompanjie hier geen industrie wou toelaat nie.

Ondanks hierdie uitsonderlike omstandighede het die afstammelinge van 'n gebore handelsvolk nie hul aard aan die Kaap verloën nie. Spoedig na die vestiging het daar 'n lewendige handel met die Hottentotte ontstaan. Daar was herberge en 'n soort winkelbedryf, terwyl die euwel van goedkoop krediet ook al vroeg bekend was. 'n Hele aantal bedrywe het later in die daaglikse behoeftes van die bevolking voorsien: o.a. is daar ook gewere en horlosies gemaak en die meubelmakerye en silwersmeedwerk is welbekend. Daarenteen kon geen lokale spin- of weefindustrie ontwikkel nie, omdat dit te veel meedinging vir die moederland sou beteken.

Die bankwese het begin met die instelling van 'n Bank van Lening in die 18de eeu, terwyl daar in die 19de eeu 'n hele aantal goeie banke opgerig is, waarby die Afrikaner duidelik 'n groot rol gespeel het. Dieselfde is van toepassing op versekeringsmaatskappye

en spaarbanke. Selfs by die Groot Trek was daar geen tekort aan mense met handelservaring nie. Sowel P. Retief as A. W. J. Pretorius het bv. deeglike kennis en ervaring daarin gehad.

Soos in 'n uitgestrekte land soos Suid-Afrika kan verwag word, het wamakery 'n groot rol gespeel. Stadigaan het die industrie uitgebrei: leer, sout, wyn, tabak en snuif, meel, brood, hout, pype, seep, krale en enige moontlik benodigdheid is langsamerhand self vervaardig. Hierdie besighede is hoofsaaklik deur Afrikaners behartig.

Dit is opvallend dat blykbaar hoofsaaklik die gespesialiseerde produkte van oorsee ingevoer is. Die handel en nywerheid, waarin die Afrikaner 'n belangrike rol gespeel het, was veral die kleiner lokale ondernemings. In die groot wêreldbedrywe het hy slegs 'n beskeie rol vervul, totdat, in die tweede kwart van hierdie eeu, die eerste groot Afrikaanse maatskappye opgerig is. Die Boerebevolking wat dit aanvanklik moeilik gevind het om aan te pas by die modernisering van sy land, neem vandag die voortou op die gebied van handel en nywerheid. Die skrywer bring ons tot ongeveer 1920, na Die Helpmekaar Maatskappy vir onderlinge hulp en die daarop volgende oprigting van Santam en Sanlam.

Dis merkwaardig hoeveel klein Afrikaanse maatskappye hierdie groot firmas voorafgegaan het. Party was suksesvol, ander nie. Die meeste is vandag vergete, maar ons kan ons ernstig afvra of die Afrikaner vandag sy plek so sou kon volstaan het indien hy nie oor die ervaring van hierdie vroeër firmas beskik het nie.

Soos altyd met 'n boek van Eric Rosenthal, is dit vlot geskryf en ons kry baie interessante besonderhede wat meestal onbekend is en wat oorsigtelik uiteengesit word.

Die boek is netjies uitgegee: die illustrasies is duidelik en goed gekies en party is van belangrike kultuur-historiese waarde. Dit is die boek self trouens ook!

F. G. E. Nilant.

*Bartstra, Dr. J. S.*: Van 1648 tot Heden. Handboek tot de staatkundige geschiedenis van die Landen van onze Beschavingskring, 5 dele, elk ong. 400 bladsye, f28.50 per deel, 2de druk, L. C. G. Malmberg, 's-Hertogenbosch, 1959-1961.

Aangesien dr. J. S. Bartstra, die skrywer van bogenoemde bekende standaardwerk, in 1962, d.w.s. binne 'n jaar na die herverskyning daarvan, oorlede is, is 'n mens geneig om hierdie werk met piëteit en eerbied te benader. Terselfdertyd voel mens dankbaar dat dr. Bartstra nog gedurende sy lewe die erkenning ontvang het wat sy groot werk verdien. Dit het weer eens geblyk uit die gunstige kritiek wat hierdie tweede uitgawe in Nederland tebeurt geval het.

In vergelyking met die eerste is hierdie tweede uitgawe in verskeie opsigte „hersien", hoewel dit in hoofsaak dieselfde boek gebly het. Dit is bygewerk aan die hand van die jongste literatuur, terwyl die literatuurlyste aan die einde van elke hoofstuk aansienlik uitgebrei is. Dit bevat ook enigsins 'n ander indeling. Die oorspronklike vier bande is uitgebrei tot vyf hoewel die totale omvang nie juis groter geword het nie.

Die skrywer beperk sy onderwerp tot die „landen van onze beschavingskring". Wat hy hiermee bedoel is eintlik die lande van Europa en meer in besonder van Wes-Europa, waarin Nederland om begryplike redes miskien meer aandag geniet as wat mens in gewone handboeke oor die Europese geskiedenis sal aantref. Dit geld veral vir die eerste tydvak, 1648 tot 1715, toe Nederland in werklikheid nog 'n rol van groot moondheid gespeel het. Daarna ontvang Nederland gaandeweg minder aandag en is dit in hoofsaak 'n objektiewe geskiedenis van Europa. Tog bly dit 'n Europese

geskiedenis vanuit Nederlandse gesigshoek gesien. Om die rede is die boek vir gebruik in Suid-Afrika aan te beveel. Dis immers 'n gesigshoek waarvoor ons in Suid-Afrika aanvoeling kan hê en wat vir ons siening van die algemene geskiedenis besondere waarde het.

Sedert die Tweede Wêreldoorlog word meer en meer die eis gestel dat die Algemene Geskiedenis nie meer van uit Europa gesien moet word nie, dat dit inderdaad *algemeen* moet wees in die sin dat ook ander buite-Europese lande daarin betrek moet word soos elkeen van hulle sy eie selfstandige geskiedenis gehad het en elkeen sy rol in die wêreld gespeel het. Hiertoe laat Bartstra hom nie verlei nie. Sy geskiedenis is en bly Europa-sentries. Tog neem hy ook buite-Europese gebeure in aanmerking; so word die opkoms van Amerika, Japan, ens., ook wel in ag geneem. Maar altyd word dit weer gesien in die verband daarvan met Europese gebeurtenisse.

Dus, 'n nuwe interpretasie van die geskiedenis in navolging van die eise van die tyd vind ons nie by Bartstra nie. Tog is dit 'n geskiedenis met 'n eie behandelingsmetode, 'n eie indeling en interpretasie — m.a.w. die skrywer het sy eie persoonlikheid daarop afgedruk. En dit is juis hierdie aspek wat die boek besonder leesbaar en interessant maak, anders as die versamelwerke wat ons dikwels op die gebied kry en wat deur hulle kleurloosheid dikwels oninteressant word. Daar is tog altyd iets voor te sê om 'n groot werk deur een persoon te laat skryf. Tog bly Bartstra in 'n hoë mate objektief en sy weergawe van feite en strominge in 'n hoë mate betroubaar. Dit is dus 'n handboek wat met groot vrug op universiteite en elders gebruik kan word.

Wat die indeling betref net enkele verduidelikings. Die skrywer begin sy geskiedenis in 1648; vanuit Nederlandse gesigspunt gesien 'n verantwoorde beginpunt, want die jaar 1648 is inderdaad met die Vrede van Munster 'n baken in die Nederlandse geskiedenis. Maar ook vir Europa in die algemeen is dit 'n belangrike jaar: die Vrede van Wesfale het dieselfde jaar immers 'n einde aan die Dertigjarige Oorlog gemaak. Vanaf hierdie jaar het godsdienstige geskille opgehou om 'n deurslaggewende rol in die onderlinge verhoudings tussen state te speel en begin politieke faktore oorheers. Daar kan dus vanaf hierdie punt met meer reg van 'n „staatkundige geskiedenis" gepraat word. Tog is die boek meer as net staatkundige of politieke geskiedenis. Die skrywer deel sy stof in sewe tydvakke in en as inleiding tot elke tydvak kry ons 'n hoogs belankwekkende hoofstuk waarin die geestesstrominge sowel as die ekonomiese tendense van die betrokke periode bespreek word.

Die vyf dele dra elkeen 'n eie titel. Deel I heet „Nederland tussen de andere grote mogendheden, 1648-1774". Hierdie eerste deel is weer opgedeel in twee tydvakke: „Eerste Tijdvak; Gepriviligieerden en Absolutisme (1648-1715)", „Tweede Tijdvak, De tijd van het staatkundig evenwicht en van de ‚Verlichte Denkbeelden' (1715-1774)". Deel II wat terselfdertyd sy „derde tydvak" dek, heet „Het eerste grote revolutionnaire tijdvak, 1774-1815". Deel III dra die naam van „Conservatisme, Liberalisme en Nationalisme, 1815-1871" en dit is weer ingedeel in twee tydvakke: „Vierde tijdvak, Stilstand of beweging? (1815-1848)" en „Vijfde tijdvak, Ontstaan van het moderne Europa en Amerika (1848-1871)". Deel IV (ook die sesde tijdvak) dra die kenmerkende titel „De gewapende vrede (1871-1914)". Deel V (ook die sewende tydvak) word deur hom genoem: „De wereldrevolutionnaire periode (1914 tot circa 1954)". Hierdie indeling gee enigsins 'n indruk van die wyse waarop die skrywer sy stof benader het.

By die deurlees van die werk kom mens meer en meer onder die indruk van die breë kennis en belesenheid van die skrywer, asook die kalm, rustige wyse waarop die

historiese verloop geskets word. Gedurig is daar ontplooiing, vervorming en ontwikkeling; dit is geen dooie reeks feite nie; die sinryke verband is altyd op die voorgrond. Dit is inderdaad 'n ryk boek wat nie sterk genoeg aanbeveel kan word nie.

F. J. du T. Spies.

*Stephenson, Carl (Edited and revised by Bryce Lyon)*: Mediaeval History. Europe from the second to the sixteenth century. Fourth edition, pp. XXIV, 639, Harper and Row, New York, 1962.

Bogenoemde is die bekende handboek oor die Middeleeue van Carl Stephenson, in lewe professor in Geskiedenis aan die Cornell-universiteit. Die eerste druk daarvan het in 1935 verskyn. Vir studente van die middeleeue het die boek geen bekendstelling nodig nie. Hierdie vierde uitgawe verskyn egter enigsins in 'n ander gedaante. Dit is voorsien van 'n aantal pragtige illustrasies, terwyl elke hoofstuk opgedeel is in onderhoofstukke wat die leesbaarheid inderdaad verhoog.

Na die afsterwe van Stephenson in 1954 het Bryce Lyon, professor in Geskiedenis aan die Universiteit van Kalifornië te Berkeley, beheer gekry oor sy literêre nalatenskap en dit is deels uit 'n gevoel van piëteit dat hy hiermee 'n vierde uitgawe van sy werk laat verskyn het, maar veral ook omdat dit sy oortuiging is „that a text so useful and successful for a quarter-century should not be allowed to die".

In sy voorwoord verduidelik Bryce in welke opsigte hy die werk hersien het. In sommige gedeeltes is die verloop van politieke gebeure meer in besonderhede beskryf, terwyl in ander gedeeltes ook meer van kulturele en ekonomiese toestande meegedeel word, alles in die lig van meer resente literatuur oor die middeleeue wat intussen verskyn het. Veral handig vir die student is 'n lys boeke wat as „suggested reading" aan die einde van elke hoofstuk aangegee word. Hieruit blyk dat die skrywer inderdaad wyd gelees het.

Besonder aan te prys, is die helder, direkte wyse waarop gebeure vertel word en die duidelike ontleding wat van kulturele, ekonomiese en ander aspekte gegee word. Die boek kan weer eens sterk aanbeveel word by universiteitstudente. Die „chronological charts" wat agterin verskyn, is ook baie handig vir naslaandoeleindes.

F. J. du T. Spies.

*Bax, D. en Koeman, C.*: Argitektoniese Skoonheid in Kaapstad se Kompanjiestuin, 1777-1805. Met 'n opsomming in Engels. Pp. 112, 41 illustrasies. Registeruitgawe No. 3. Tafelberg-Uitgewers, Kaapstad, 1963. R4-80.

So elke nou en dan verskyn daar 'n boek oor die Kaapse boukuns. Natuurlik is die aantal nog lank nie voldoende nie. Daar is nog so baie wat oor hierdie onderwerp nagevors kan word, sodat 'n mens die wens kan uitspreek dat daar meer aandag aan geskenk word, as wat tot dusver die geval was. Elke bydrae is egter welkom. Dit geld in die besonder die jongste uitgawe wat onlangs as No. 3 in die Registeruitgawe verskyn het (die eerste twee publikasies in hierdie serie, handel oor die ou Hooggeregshofgebou en die Kasteel in Kaapstad). Hierdie boek bespreek meer in die besonder die geboue wat in die ou dae om die Tuin in Kaapstad gestaan het. Hierdie Tuin vorm vandag nog een van die mooiste plekke in Kaapstad en wanneer 'n mens die geboue beoordeel wat daar vroeër omheen opgetrek is, was dit toenmaals ook 'n plek wat baie belangstelling getrek het.

Die gegewens vir hierdie boek berus alleereers op ou kaarte en tekeninge wat dr. C. Koeman in 1950 oorsee ontdek het. Dit is aangevul met 'n skat van inligting wat prof. Bax in die verloop van die jare versamel het. Dit omvat o.a. ou briewe, rekeninge, besluite van die Politieke Raad, mededelings en opmerkings van amptenare en reisigers. Verder ook waterverftekeninge wat lokaal gemaak is, en die foto's van Elliott, wat al so baie gehelp het by die ondersoek na gegewens uit die ou tyd.

Die boek bestaan uit drie dele, nl. 'n bespreking van die Goewerneurswoning, die ingang van die ou Heerengracht, wat nou Adderleystraat is en tenslotte die Bo-end van die Tuin. Tot in besonderhede word nagegaan wat aan Thibault, en wat aan Anreith toegeskryf kan word, of watter werk later deur Schutte of ander mense verrig is. By hierdie toeskrywings is natuurlik die datum waarop die verskillende geboue of aanvullings daarvan tot stand gekom het van die grootste belang. Aan die datering word gevolglik baie noukeurige aandag gegee en so kan nou nagegaan word wat in die tyd van Rijk Tulbagh en wat tydens die bewind van Van der Graaff tot stand gekom het. Met hoeveel liefde en belangstelling het hierdie goewerneur en sy seun, Sebastiaan Willem, wat kaptein-ingenieur aan die Kaap was, die verfraaiing van Kaapstad aangemoedig!

Die verskil in voorkoms van die geboue vroeër en vandag word uitvoerig beskryf. Wat is daar in die verloop van die jare, veral egter in die 19de eeu, tog onnodig verbreek en verknoei aan die eertyds so statige en deftig-elegante geboue. Dit betref natuurlik die geboue wat vandag nog min of meer in hul geheel of slegs gedeeltelik bestaan. Want ook hier blyk daar alweer hoe ontstellend veel moois inmiddels verdwyn het, en hoe hierdie aantreklike middelpunt van die stad eintlik van sy mooiste bouwerke beroof is. Wat later in die plek daarvan gekom het, kan by verre na nie opweeg teen wat daar oorspronklik was nie.

Die boek verskaf ook 'n aantal aanvullings op vroeër boeke, terwyl aanvanklike opvattings weer teengespreek word. Dit betref veral die studie van De Bosdari oor Anton Anreith, wat nou deur 'n paar interessante gegewens aangevul word. Dis opvallend dat ook by hierdie bouwerke om die Tuin, soveel Franse sowel as Oos-Indiese invloed merkbaar is.

Die boek is luuksieus uitgegee, gedruk op kunsdrukpapier met baie duidelike afbeeldings van kaarte, tekeninge en geboue. Vir die afmeting van die boek (9¾ x 13¼ duim), sou ek die origens in 'n mooi donkerrooi kleur uitgevoerde band, graag 'n bietjie sterker gesien het.

Alles in aanmerking geneem, is dit 'n uitstekende boek oor 'n onderwerp wat 'n bietjie meer in besonderhede gaan. Die prys is besonder laag. Dit is onmisbaar vir elkeen wat in die geskiedenis van Kaapstad en die ou Kaapse boustyl belangstel, maar ook vir alle Africana-liefhebbers.

F. G. E. Nilant.

## BOEKE ONTVANG VIR BESPREKING

*Brink, André P.*: Die verhaal van Julius Caesar, R1-15, pp. 135, Human en Rousseau, Kaapstad, 1963.

*De Gaaf, H. J.*: Catalogus van de Handschriften in Westerse Talen, toebehorende aan het Koninklijk Instituut voor Taal-, Land- en Volkekunde, fl. 28, pp. X, 172, Martinus Nijhoff, 's Gravenhage, 1963.